

dagboek



OP DIE KASSIE

In *Tuis* se nuwe TV-program, *1,2,3, fixit!* (elke Donderdagaand om 17:30 op VIA, kanaal 147 op DStv), sê drie spanne mekaar die stryd aan in 'n regruk-kompetisie waarin 'n gelukkige leser se huis vertrek vir vertrek opgeknep word. In die volgende vier weke fokus die spanne op verbeterings in die slaapkamers en badkamers. Misi Overturf staan by as selfdoenkenner in *Tuis* se redakteur, Wicus Pretorius, swaai die sweep as hoofbeoordelaar. Die aanbieder, Lynelle Kenned, volg die vordering én die drama agter die skerms.

21 Maart Dis dag 5 en 6 van die kompetisie en die spanne se fokus verskuif na die slaapkamer-uitdaging.

28 Maart Die beoordelaars is op pad, gaan die spanne betyds klaarkry met hul projekte?

4 April In dié episode val die kollig op die huis se badkamers. Party ouens vaar beter as ander ...

11 April Die huiseienaar, Anneli, is min beïndruk met een van die spanne se handewerk.



KAMERS/MAKERS, JOHANNESBURG

26 April–1 Mei: St David's Marist, Inanda, Sandton

KAMERS/Makers is terug in Sandton met handgemaakte mooigoed en nuwe uitstallers. Vier innovering in mode, dekor, juweliersware, kos en wyn! Kry kaartjies teen R60 by plankton.mobi of betaal R90 by die ingang en kry 'n inkopiesak en tydskrif; sien kamersvol.com.

Gesinspret!

20: Sardiniabaai, Port Elizabeth

Bring die hele gesin (vierpootkinderen inkluis!) vir 'n middag se pret by die Sards-Paasmark. Jy kan uitsien na tuisgemaakte geskenke, smullekke kos, lewende musiek en aktiwiteite vir die kleinspan. Toegang is gratis. Vir inligting, soek Sards Market op Facebook.

21: Jan Smuts-stadion, Oos-Londen

Bring die dag saam met jou kinders deur by die Garden of Colour Picnic! Deel in die liefde, gelag en pret in 'n feestelike atmosfeer met lewende optredes, kosstalletjies en hope vermaak. Kinders moet vergesel word van 'n ouer of voog. Kaartjies is beskikbaar by computicket.com en kos R100 per kind; toegang is gratis vir ouers.

21: Grande Provence Heri

wynlandgoed, Franschhoek Besoek Grande Provence v
kompleet met 'n Paaseiers
kleinspan, lewende musiek
Kinders kan ook uitsien na
springkasteel en ander ver
gratis, maar skakel 021 876
om jou piekniekmandjie te
twee mense, R400 vir een
onder 10.



**21: Grande Provence Heritage-
wynlandgoed, Franschhoek**

Besoek Grande Provence vir 'n gesinspiekniek
kompleet met 'n Paaseiersoektog vir die
kleinspan, lewende musiek en lekkernye.
Kinders kan ook uitsien na gesigverf, 'n
springkasteel en ander vermaak. Toegang is
gratis, maar skakel 021 876 8600 vroegtydig
om jou piekniekmandjie te bespreek: R800 vir
twee mense, R400 vir een en R300 vir kinders
onder 10.

Saamgestel deur Suné Esterhuizen

Stuur dagboeknuus minstens drie maande
vooruit na dagboek@tuis.co.za.

April-flitse

6: Die Fools and Fans-bierfees is terug op
Greyton! Proe bier van brouerye reg oor die land
en neem deel aan die kompetisie vir tuisbrouers
of broodbakkers. Kaartjies kos R100 by
ticketrush.co.za. Skakel 028 254 9690.

7: Bring jou harige vriende vir 'n dag vol pret by
die **Bloemfontein Animal Fair** in Bobbiespark.
Die bes geklede eienaar en troeteldier wen 'n
prys! Skakel 081 883 6912.

13: Beleef die herfs op die Tokara-
wynlandgoed in **Stellenbosch**, waar
die plaastuin oop sal wees vir die ---
publiek. Besigtig kunswerke op die
terrein en loer in by die jaarlikse
skaarsplantverkoping. Toegang kos
R50 per volwassene. Sien meer by tokara.com.

15: Mei se Tuis is op die rakke!

18–22: Besoek **Underberg** tydens die Splashy ---
Fen-musiekfees vir optredes deur
plaaslike en internasionale
musiksterre. Bespreek jou
konsertkaartjie en verblyf by
splashyfen.co.za.

18–28: Reis terug in die verlede
by 'n konsert ter ere van Billy Joel
in die iZulu-teater in **Durban**. Kaartjies kos R250
by computicket.com. Skakel 031 580 5100.

19: Goeie Vrydag

22: Gesinsdag

25 April–1 Mei: Vier **Kaapstad** se ryk kultuur-
verskeidenheid by die jaarlikse Suidoosterfees
met komedie, plaaslike fiekies en meer. Kry die
hele program by suidoosterfees.co.za en koop
kaartjies by computicket.com.

26–28: Die SA Kaasfees is terug op Sandring-
ham, buite **Stellenbosch**. Jy kan uitsien na 'n
magdom kase en vars produkte. Kry kaartjies by
computicket.com, Shoprite en Checkers teen
R180 per persoon per dag; seniors
betaal R120 en kinders van 2 tot 13
betaal R20. Skakel 021 975 4440 of
sien cheesefestival.co.za.

26 April–1 Mei: KIES!tierlantynkies in
Zwavelpoort, **Pretoria-Oos**, spog met
meer as 80 uitstallers en kosstalletjies.

